

HOOFSTUK 6

Kerkregeringstelsels

Waarom is 'n kerkregering nodig?

Vanaf die begin van die Christelike kerk is daar besef dat dit steeds nodig is, soos dit in die Ou-Testamentiese tyd ook nodig was, om die een of ander vorm van kerkregering tot stand te bring ter wille van:

- suiwerheid van leer en Woordverkondiging;
- die instandhouding en uitbouing van die gemeente(s);
- ordelikheid en 'n mate van eenvormigheid met betrekking tot:
 - prosedure tydens die erediens;
 - alle kerklike/gemeentelike optredes;
 - besluite;
 - handhawing van die tug;
 - hantering van probleemsituasies wat voorkom;
 - gesamentlike optrede oor sake van gemeenskaplike belang deur meer as een gemeente;
 - opleiding en beroeping van leraars en dienaars in kerklike ampte; en
 - uitvoering van die taak van die kerk, byvoorbeeld met betrekking tot liefdadigheid, evangelisasie en sendingwerk, ens;
- die bevordering en handhawing van samehörigheid binne die gemeente sowel as tussen verwante gemeentes;
- skakeling tussen lidmate binne die gemeente sowel as tussen verwante gemeentes;
- die verantwoordelike en verantwoordbare hantering van stoflike middele soos bates, kerkgelde, ens; en
- ander administratiewe en toesighoudende aangeleenthede wat mag voorkom.

In wat volg, word nie oor die geloofsleer van die onderskeie kerkgroepe uitgewei nie maar slegs verwys na die hoofkenmerke van hulle kerkregering.

Die vorm van kerkregering

Daar is verskillende vorms van kerkregering. Elke groep kerke wat oor sekere basiese aspekte van hulle leer en kerkbeskouing saamstem, deel min of meer dieselfde vorm van kerkregering.

Elke sodanige groep maak daarop aanspraak dat hulle vorm van kerkregering in ooreenstemming met Bybelse voorskrifte bepaal is. By nugtere ondersoek, wat menslike oorlewering en die modedanke van die tyd uitskakel, en streng by die voorbeelde en beginsels in die Bybel bly, is dit duidelik dat daar groot verskille bestaan en dat sommige vorms van kerkregering taamlik ver van die Bybelse voorbeelde ontwikkel het.

Vrae waaroor elke kerkregering moet besluit, sluit sake in soos:

- Wat **moet** gedoen word? – Fundamentele sake
- Wat **mag nie** gedoen word nie? – Fundamentele sake
- Is sommige dinge **toelaatbaar, maar nie verpligtend nie?** – Middelmatige sake
- **Op grond waarvan** word finale besluite geneem?
- Kan die gesag van die besluitnemer(s) bevraagteken word? Op grond waarvan?

Die grondliggende beginselvraag wat die verskille onderlê, is: **Waar lê die finale gesag waarvolgens die kerk te werk gaan? By 'n mens? By 'n vergadering? By die Here?**

1. Rooms-Katolieke stelsel

- 1.1 Die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) onderskei tussen geestelikes en gewone lidmate – priesters en leke. Hulle verwerp die standpunt dat die kerk ’n vergadering van ware gelowiges is. Die geestelike verteenwoordig in sy persoon die kerk: waar die priester is, daar is die kerk – *ubi clericus, ibi ecclesia*.
- 1.2 Die RKK leer dat die Pous die liggaamlike aardse verteenwoordiger van die Here is en op aarde met die gesag van die Here bekleed is. Hy het die hoogste regeermag in die RKK. Sy uitsprake oor godsdienssake word as onfeilbaar beskou, en mag nie bevraagteken word nie, selfs al word hulle nêrens deur die Bybel onderskryf nie. Sy uitsprake in verband met geloofsake word met dieselfde gesag bekleed as die Bybel.
- Gereformeerdes vind geen regverdiging daarvoor in die Bybel nie. Die Here is die hoof van die kerk, en nie ’n feilbare mens nie. Die boek Hebreërs stel dit duidelik dat geen mens, ook geen aardse hoëpriester, onfeilbaar of sonder sonde is of was nie, net Christus. Slegs leerstellings wat uit die Bybel geregverdig kan word, word as geloofwaardig beskou. Ons belydenisskrifte is altyd aan die meerdere gesag van die Bybel onderhewig.
- 1.3 Volgens die RKK is die Here, en dus ook die kerk, daar waar die pous is. In sy persoon verteenwoordig hy die kerk orals en altyd. Hy bepaal die kerkwette, hou toesig oor alles – deur sy senior priesters, die kardinale en biskoppe – en spreek salig en heilig.
- Die Gereformeerdes leer, soos die Bybel, dat die gelowige lidmate eerste daar is en hulle verkies die ampsdraers. Let op Matteus 18:20: “*Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde.*” Die hoof van die kerk is die Here, en gelowiges moet die kerk in ooreenstemming met Sy Woord regeer en administreer. Die uitspraak van die Skrif by enige bespreking of besluit is finaal.
- 1.4 Ten opsigte van die kerklike ampte handhaaf die RKK ’n hiërargiese struktuur. Daar is ’n priesterheerskappy, bestaande uit verskeie gesagsordes van priesters, met die pous aan die bopunt – soos ’n piramide – volgens die model van die aardse adelstande. Elke rang, bv. ’n biskop, het gesag oor die range onder hom, bv. dié van ’n gewone priester.
- Die Bybel ken nie so ’n orde nie. Elke gelowige staan voor God op gelyke voet met elke ander gelowige, en die verskillende ampte, hoewel hulle elk sy eie diens lewer, het nie oor mekaar gesag nie. Die Gereformeerde Kerk ken nie predikante met gesag oor ander predikante nie. Elke gelowige is, buitendien, tegelyk koning, priester en profeet. Later meer hieromtrent.
- 1.5 Die RKK leer dat die pous die opvolger is van Petrus, wat hulle as die hoof van die apostels beskou. Hierdie beskouing het eers etlike honderde jare na die begin van die vroeë kerk beslag gekry toe die biskop van Rome aanspraak daarop gemaak het dat die kerk van Rome die hoofsetel van die Christelike kerk is.
- Daar is geen Bybelse gronde hiervoor nie.
- 1.6 Die RKK leer dat die wêreldkerk – soos hy homself beskou – die oppergesag in die wêreld het. Daarom moet die pous altyd die laaste woord spreek in die staat, in die wetenskap, in die kuns en in die maatskaplike lewe.
- Die Gereformeerdes handhaaf die skeiding tussen kerk en staat, soos die Bybel leer. Die kerk mag en moet teenoor die staat en ander instellings sy getuienis lewer oor wat die Woord verlang, maar hy het geen gesag oor hulle nie.
- 1.7 Die RKK verhef die kerk bo die staat.
- 1.8 Waarom die HK so erg teen die Rooms-Katolieke Kerk (RKK) is
- 1.8.1 Intensiewe kennis van wat die Skrifte ons leer was baie nodig omdat die RKK nie toegelaat het dat hulle lidmate die Bybel mag ken nie. Hulle moes leke wees.
- Lidmate was verplig om alles wat die kerk verkondig en gedoen het te aanvaar as die waarheid.
 - Kritiek daarop is as ’n sonde beskou en gestraf.
- 1.8.2 Daarteenoor is Protestantse lidmate geleer om nie alles wat van die kansel verkondig is sonder meer te glo nie.

- As dit nie in ooreenstemming met die Bybel is nie, moes dit verwerp word.
- Daarvoor was en is 'n intieme en deeglike kennis van die Bybel nodig.

1.8.3 Staatskerk

- Aangesien die RKK in die meeste lande en state destyds die staatskerk was, kon enigeen wat van die kerk weggebreek het – ook die kinders – in 'n hof verhoor word op aanklagte van kettery en deur die staat tot selfs doodstraf gevonniss word.
- Die Protestantse gelowiges moes dus hulle standpunte kon verdedig met verwysing na die Skrifte – in die meeste gevalle sonder enige regshulp.
- Die belydenisskrifte is nie primêr as strydskrifte saamgestel nie maar, as 'n uiteensetting van Bybelse beginsels, was die belydenisskrifte nodig om dwaalleringe te bestry.

Dwaalleer is leerstellings wat die Bybelse leer verdraai of verontagsaam.

Enkele van die belangrikste dwaalleringe wat destyds bestry moes word, en wat onder andere deur die HK aan die kaak gestel is, is die volgende – die nommers tussen hakies verwys na die vrae in die HK wat by die besondere item ter sake is:

- Die RKK het vrylik gebruik gemaak van beelde om die Here sowel as afgestorwenes uit te beeld met die doel, onder andere, dat aan die afgebeelde persone verering en selfs aanbidding bewys moet word. Die HK verwerp die gebruik (o.a. vr. 96, 97, 98). Dat die RKK hierdie gebruik probeer verdedig het deur te argumenteer dat die volk nie die Skrifte kon lees nie, is deur die Hervormers afgewys deur daarop te wys dat die RKK mense verbied het om die Skrifte self te lees en in gebreke gebly het – anders as die Hervormers – om die mense te leer om dit te doen en om hulle daarin te begelei.
- Die RKK het die verering van sogenaamde heiliges baie sterk bevorder. Die HK het dit sterk afgekeur (o.a. vr. 94, 102, 29, 30).
- Die RKK het die verkryging van verdienste as 'n middel tot saligheid geleer. Die HK verwerp die lering en staan sterk op die leer van die Bybel (o.a. vr. 30, 31, 37, 60, 61, 62, 63).
- Die Rooms-Katolieke mis is deur die Hervormers deur die bank veroordeel as afgodery, so ook die HK (o.a. vr. 80, 78). Vgl. Hebreërs 7:27; 9:12; 9:25-28; 10:10; 10:12-14.
- Die doperse kerke het sommige groepe ingesluit wat, met 'n beroep op die geestelike lewe, geen erg gehad het aan sake wat tóg Skriftuurlik in die kerkgebruike en -beleid opgeneem is nie:
 - Hulle het gesamentlike kerkbesoek en gesamentlike viering van die sakramente afgewys. Die HK wys op die teendeel (o.a. vr. 65, 103).
 - Hulle het in die meeste gevalle die owerhede as vyande van die geloof beskou, geweier om owerheidsamppte te beklee en om byvoorbeeld 'n eed af te lê waar dit wetlik vereis is, en om ander opdragte van die owerheid uit te voer.
 - Die HK se standpunt berus op wat die Bybel leer (o.a. vr. 101, 110). Omdat die Hervormers die swakheid van die mens erken het (5), het hulle besef dat dit noodsaaklik mag wees om die betroubaarheid van 'n verklaring te bevestig pleks van dit net te aanvaar.
 - Verskeie doperse groepe het geweier om die mensheid van Christus te aanvaar. Sy liggaam was, volgens hulle, net skyn. Hy sou dan geen menslike gewaarwordinge geken het nie, geen pyn of honger of dors nie. Die HK neem standpunt in op die Skrifte (o.a. vr. 15, 16, 17, 18, 19, 26, 34, 35, 37, ens).
 - Sommige doperse groepe het die Ou Testament afgewys as van minder belang as die Nuwe Testament. Die HK wys op die waarde van die hele Skrif (o.a. vr. 19) en al die teksverwysings in die onderskeie antwoorde op die vrae in die HK.

- Die doperse groepe het die kinderdoop afgewys, terwyl die Hervormers – en ook die RKK – dit Skriftuurlik verdedig het (o.a. vr. 69-74).
- Heelwat sektegroepes het die Drie-eenheid van God verwerp. Die HK stel die Skriftuurlike waarheid (o.a. vr. 24, 25).
- Die RKK sowel as die Lutherse Kerk het eie assosiasies en afleidings bygevoeg tot die Skriftuurlike beskrywing van die aard van die Nagmaal, wat in vr. 75-82 gestel word.

2. Stelsel van landskerke

- 2.1 Hierdie stelsel was in gebruik by veral die Duitse kerke. Hulle leer dat die vors van die land, kragtens sy oppermag in tydelike (aardse) dinge, ook die gesag oor die kerk in sy land moet uitoefen. Daar kan geen skeiding tussen kerk en staat in die stelsel wees nie.
- 2.2 Hierdie stelsel leer dat die handhawing van altwee tafels van die wet aan die owerheid opgedra is. Dus, sowel die verhouding van mens tot mens, wat gewoonlik deur landswette gedek word, as die verhouding tussen die mens en God, wat gewoonlik die saak van die kerk is. Let wel, ten spyte van die landsowerheid se gesag bly die leerinhoud van die Lutherse kerk, veral met betrekking tot die posisie van Christus, sterk Bybels.
- 2.3 Die gevolg is dat, as die volk se leier Rooms-Katoliek was, dan was die land Rooms, en as die leier Luthers was, was die land weer Luthers.
- 2.4 In die geval van die Lutherse kerk – wat ons as model neem – het die omstandighede die aard van sy kerkregering bepaal. Die landsvors was Luther se beskermheer teen die Rooms-Katolieke kerkowerheid. Die Lutherse kerk het beskerming gevind onder die gesag van die landsowerheid. Dit het ook 'n tuiste gebied aan die Duitsers wat 'n sterk nasionale gevoel ontwikkel het, wat nie deur die RKK aanvaar is nie. Albei hierdie oorwegings was ook by die stigting van ons Gereformeerde Kerk in die gedrang.
- 2.5 In alle landskerke en die meeste staatskerke is die landsvors die hoof van die kerk. Let daarop dat, hoewel nie alle staatskerke volledig in dié sin landskerke is nie, kom die onafhanklikheid van die kerk altyd in 'n mate in die gedrang ook by staatskerke. Daar word verwag dat die kerk die staatsowerheid nie sal teengaan nie. Dit geld veral waar die staat, soos in ons land in die negentiende eeu, selfs die salarisse van predikante in die erkende kerke betaal het. Die predikante was dus staatsamptenare.
- Toe die Gereformeerde Kerk tot stand gekom het, is dit staatserkenning geweier omdat daar reeds 'n erkende staatskerk in die destydse Transvaal bestaan het – die Hervormde Kerk. Ondanks heftige teenkanting van die staat, as gevolg waarvan byvoorbeeld Paul Kruger sy staatsbetrekking verloor het, het die Gereformeerde Kerk voortgegaan sonder staatserkenning of staatsondersteuning. Die Gereformeerde Kerk se standpunt was en is steeds dat die kerk nie van die staat afhanklik kan wees nie.
- 2.6 Onder die landsvors was *konsistories* – staatsregtelike liggames wat bestaan het uit teoloë en regsgeleerdes deur wie die vors sy kerkregering uitgeoefen het.
- 2.7 Onder die konsistories was daar superintendente wat oor die predikante toesig gehou het om toe te sien dat hulle nie die perke van hulle opdrag oorskry nie.
- 2.8 Die predikante moes net preek en onderrig gee.
- 2.9 Die gemeentes het niks te sê gehad nie. Hulle moes net opdragte van owerheidsweë uitvoer. Die konsistories het beleid bepaal vir die kerk as geheel en deur hulle ondergeskikte kanale opdragte aan die gemeentes deurgegee.
- 2.10 In hierdie stelsel was die landskerke aan die staat onderwerp.
- Let wel: Die Lutherse kerk is in die meeste lande nie meer 'n landskerk nie maar 'n gewone Protestantse kerk met 'n hiërargiese kerkregering – dit wil sê een met biskoppe, maar sonder 'n pous, in wie hoër kerklike gesag gestel is.

3. Kollegiale stelsel

- 3.1 Die dwaling van hierdie stelsel is dat die kerk nie beskou word as 'n Goddelike instelling nie, maar as 'n instelling – organisasie – wat tot stand gekom het deur mense wat hulle verenig om 'n kerk te vorm.

- 3.2 Sodanige kerk is 'n vereniging of organisasie – collegium, wat in wese soos enige ander vereniging is.
- 3.3 Hierdie stelsel verwerp die Here Jesus as die Hoof van die kerk, omdat hierdie stelsel nie deur die krag van Christus ontstaan nie maar deur die vrye wil van die mens.
- 3.4 Omdat die kerk bloot 'n vereniging is, kan die mens vrywillig daarby aansluit, of weer uit die kerk bedank. Hierdie standpunt staan lynreg teen die Skrifbeginsel wat in die Nederlandse Geloofsbelydenis, artikel 27, verwoord is, naamlik dat die gelowige verplig is om hom by die ware kerk te voeg en by die kerk te volhard.
- 3.5 In hierdie stelsel is meerdere kerkvergaderinge bloot hoër besture wat gesag en beslissing uitoefen oor mindere vergaderinge. Vergelyk die posisie in die Gereformeerde Kerk.
- 3.6 Lidmaatskap is vanselfsprekend by alle gemeentes van sodanige kerke as 'n mens eers by een gemeente aangesluit het. Attesting word beskou as bewys van lidmaatskap van die hele kerk. By die presbiteriale stelsel – soos by die Gereformeerde Kerk – word attesting beskou bloot as 'n getuigskrif ten opsigte van leer en lewe, wat aan die kerk waarheen die lidmaat verhuis, aangebied word. Op grond van hierdie getuienis kan die gelowige dan – na navrae/ondersoek, indien nodig – in die gemeenskap van die “nuwe” gemeente opgeneem word of geweier word.
- 3.7 In hierdie stelsel staan die kerk los van die staat.

4. Independentistiese stelsel

- 4.1 Hierdie groep beskou elke kerk – gemeente – as heeltemal selfstandig en onafhanklik van ander kerke. Kerkverband word dus nie erken nie en geen formele gesag van buite die gemeente word erken nie.
- 4.2 Verskillende gemeentes mag wel saam vergader om gemeenskaplike sake te bespreek. Sulke konferensies – kerklike vergaderinge – is net adviserend en het geen bindende gesag oor die gemeentes wat daaraan deel het nie.
- 4.3 Die stelsel leer dat die gesag van die gemeente van Goddelike herkoms is en dus as finaal aanvaar word.
- 4.4 Die kerkraad het nie gesag oor die gemeente nie, maar voer bloot die besluite van die gemeente uit. Gemeentelike vergaderinge bepaal alle sake, stoflik sowel as geestelik.
- 4.5 Daar is geen sprake van 'n gemeenskaplike belydenis nie, want dit sou slegs deur 'n verteenwoordigende meerdere vergadering, bv. 'n sinode, bepaal kon word. Die gesag van meerdere vergaderinge word nie erken nie. Die Skrif word beskou as die enigste belydenis – maar elke gemeente kan dit op sy eie manier vertolk.
- 4.6 Volgens hierdie stelsel is daar geen onderskeiding tussen die ampte nie. Elke ouderling, byvoorbeeld, moet ook leraar wees. Tans word meer aandag aan die tersiêre opleiding van leraars gegee.
- 4.7 Die kerk staan los van die staat.

5. Presbiteriale stelsel

- 5.1 Die woord *presbiteriaal* kom van die Griekse woord *presbiter*, wat *ouderling* of *oudste* beteken.
- 5.2 Hierdie stelsel verskil van al die ander stelsels omdat die plaaslike kerk – gemeente – beskou word as 'n selfstandige sigbare openbaring van die liggaam van Christus. Elke gemeente is volledig kerk.
- 5.3 Die plaaslike kerk kom tot openbaring omdat daar gelowiges is, met ander woorde, nie omdat daar 'n priester of pous is nie. Vgl. Matteus 18:20.
- 5.4 Die kerk kom ook nie tot stand as gevolg van die besluit van die gelowiges wat daar is nie, maar op bevel van Christus.
- 5.5 Wanneer die gelowiges saamkom, word die ampte ingestel. Die ampte is die instrumente van Christus.
- 5.6 Alle reëlings word dan getref om die bediening van die Woord en die sakramente te laat voortgaan.
- 5.7 Die gelowiges verkies en bevestig die ampsdraers en tref die ordereëlins vir die bediening van die Woord en sakramente kragtens hulle amp as gelowiges. Vgl. HK, vr. en antw. 32 oor die amp van die gelowige. Kragtens dieselfde amp hou hulle ook toesig oor die handeling van die kerkraad.

5.8 Die plaaslike kerk word regeer deur die kerkraad. Die kerkraad is die predikant en die ouderlinge – vandaar die naam van die stelsel.

Die diakens is nie deel van die kerkraad nie. Hulle amp is heeltemal anders. Dit behels nie regering nie maar die versorging van armes en mense met geestelike nood.

Die kerkraad regeer in die Naam van Christus.

5.9 Die presbiteriale kerkregering erken ook kerkverband. Kerkverband is die lewende verbintenis en gemeenskap tussen kerke met dieselfde belydenis onderling.

Die doel van die handhawing van kerkverband is:

- die bewaring van die suiwere geloof;
- die wegweer van kettery; en
- die handhawing van die gemeenskaplike belydenis.

5.10 Daar bestaan drie ampte – predikant, ouderling en diaken. Hierdie drie ampte is gelyk, maar nie identies nie. Hulle werkwyse verskil grootliks maar oorvleuel mekaar ook.

5.11 Kerke in hierdie stelsel staan los van die staat. Hulle erken egter die staatsowerheid as deur God ingestel as landsregering, maar mag nie toelaat dat die owerheid die kerk probeer verkneg of sy getuienis probeer inperk nie.

6. Kerklike vergaderinge – Gereformeerde Kerk

6.1 Die kerkraad – sien 5.8 hierbo. Hulle mag nie heerskappy voer nie, dit wil sê hulle is nie 'n diktatoriale owerheid nie en is altyd in al hulle besluite en optredes gebonde aan die Woord van God.

6.2 Meerdere vergaderings, bv. klassis, partikuliere sinode (streeksinode), nasionale sinode, algemene sinode, bestaan uit die verteenwoordigers – predikante en ouderlinge – van die onderskeie gemeentes wat aan die vergadering deel het. *Meerdere* – omdat hulle uit die verteenwoordigers van meer as een gemeente bestaan.

- Die klassis: 'n samekoms van 'n groep kerke uit dieselfde omgewing, wat sake behandel wat nie deur 'n plaaslike kerkraad afgehandel kan word nie.
- Die partikuliere sinode: 'n samekoms van 'n aantal klassisse wat 'n aparte streek vorm.
- Die nasionale sinode: 'n samekoms van die verskillende partikuliere sinodes.
- Die algemene sinode: 'n samekoms van die verskillende nasionale sinodes – dit wil sê Nasionale Sinode GKSA en Sinode Middellande, Soutpansberg.

6.3 Meerdere vergaderinge is nie hoër vergaderinge as die kerkraad nie, maar wel gesamentlike vergaderinge van die verteenwoordigers van 'n aantal kerkrade waarin die kerke gesamentlik oor sake besluit. Vgl. Kerkorde, art. 84.

Meerdere vergaderinge behandel sake van gemeenskaplike belang wat deur kerkrade vir bespreking voorgelê word. Sake wat nie ander gemeentes raak nie, word deur die plaaslike kerkraad afgehandel.

Kerkrade wat nie met besluite van meerdere vergaderinge saamstem nie, mag daarteen appelleer by 'n latere sitting van die meerdere vergadering maar moet intussen daarvolgens handel.

7. Hoof van die kerk

Daar is net EEN HOOF van die kerk – Jesus Christus. Vgl. NGB, art. 29. Niemand anders as Jesus Christus het enige gesag in die kerk nie. Die kerkraad oefen slegs die gesag van Jesus Christus uit. In hulleself het hulle geen gesag nie. In alle kerklike besprekings spreek 'n suiwere beroep op die Woord finaal.